# JEUG ALPHA
# Vrugte van die Gees

## 1. PRAISE AND WORSHIP

## 2. YSBREKER:

- Wie van julle hou van vrugte?
- Wat is julle favourite vrugte?
- Ons gaan nou 'n vrugte-toets doen – ons gaan kyk hoe goed ken julle julle vrugte
- Elke kind word geblinddoek, eers moet hulle aan 'n paar vrugte voel en dit probeer uitken –
- Daarna proe hulle aan 'n paar vrugte en probeer dit uitken.

## 3. PROCESS YSBREKER:

- Was die ysbreker maklik of moeilik?
- Hoekom?
- Het julle agter gekom dat nie een vrug dieselfde voel of proe nie? Elkeen is uniek en het sy eie eienskappe!

## 4. INLEIDING:

- Vanaand gaan ons bietjie na vrugte kyk, nou nie regte vrugte nie, maar die vrugte van die Gees
- Ons het die naweek bietjie daaraan geraak in een van die sessies
- Julle weet mos dat die Bybel sê, dat ons as kinders van God vrugte moet dra – vir party van julle mag dit dalk vreemd klink, want ons is mos nie bome nie – so wat beteken hierdie vrugte wat ons dan moet dra?
- Hierdie is vrugte van die Heilige Gees – en net soos regte vrugte elkeen anders lyk, proe en voel – so is die vrugte van die Heilige Gees elkeen anders.

## 5. WAT IS VRUGTE VAN DIE GEES?

- ***Vraag***: Dink gou mooi – voordat jy jou hart vir Jesus gegee het, watse sonde (lelike dinge) het jy gedoen – wat partykeer sommer vir jou lekker was om te doen?

- ***Vraag***: Die dag toe jy jou hart vir Jesus gegee het – was dit nog vir jou lekker om hierdie sonde te doen, doen jy nog hierdie sonde?

- Die dag as ek my hart vir Jesus gee raak ek nie 'n engeltjie nie – ek doen nogsteeds sonde – en ek sukkel nogsteeds om sekere verkeerde goed NIE te doen nie – maar dis nou waar die verskil inkom – toe ek nog nie my hart vir Jesus gegee het nie, het dit my nie gepla nie – ek het eintlik nie gedink daar is veel daarmee verkeerd nie.

- Wanneer ek die dag my hart vir Jesus gee, kry ek iets van Hom af wat my help – die Heilige Gees – die Heilige Gees kom woon in my – en Hy begin met my te praat oor sonde, en die manier hoe ek leef.

- HY kom oortuig my dat sekere dinge nie mooi is nie – dat sekere dinge verkeerd is, en dat God nie daarvan hou nie – en nie daarmee tevrede is nie! Jy sien, die dag wanneer ek my hart vir Jesus gee – moet ek anders as die wêreld begin lyk, anders as die wêreld begin leef.

- Die Heilige Gees help ons (as ons Hom toelaat) om ander dinge te doen – om dinge anders te doen as die wêreld – SODAT mense kan sien dat ek 'n kind van God is! Die Bybel sê dat 'n boom aan sy vrugte geken sal word – en dit beteken dat ek nie kan sê ek is 'n kind van God, maar ek leef soos die wêreld nie – sekere dinge MOET in my lewe verander die dag as ek tot bekering kom, anders is daar GROOT fout! En hierdie dinge wat begin verander noem ons die vrugte van die Gees. Daar is baie spesifieke vrugte van die Gees waarna ons netnou gaan kyk.

- ***<u>Vraag</u>***: hoe maklik of moeilik is dit om na die Heilige Gees te luister en sekere sondes nie meer te doen nie, soos wat Hy jou oortuig?

## 6. <u>VRUGTE VAN DIE GEES: SKATTEJAG</u>

- Dis nou tyd om bietjie prakties te raak
- Ek het 'n die vir elke groep 'n stel prente weggesteek wat julle gaan help om die vrugte van die Gees te identifiseer
- Ek gaan julle leidrade gee – gaan soek dit – en gaan sit as groep êrens waar julle rustig kan gesels daaroor
- Wanneer julle klaar is – kom een van die groeplede en kom haal 'n papiertjie met EEN van die vrugte daarop – julle as groep moet dan aan soveel PRAKTIESE voorbeelde as moontlik dink oor waar en hoe mense hierdie vrug sal gebruik. (bv. Geduld – wag jou beurt af ens.)
- Wanneer julle klaar is kom julle terug kerk toe – en dan gaan ons bietjie daaroor gesels.

## 7. <u>OPSOMMING</u>:

- Om vrugte te dra is nie maklik nie
- Om anders as die wêreld te lyk en te leef is nie maklik nie,
- MAAR God verwag nie van ons om dit alleen te doen nie – Hy gee vir ons die Heilige Gees wat IN ons woon wanneer ons die dag ons harte vir Hom gee om ons daarmee te help.
- En as ons die Heilige Gees toelaat om ons te help, en ons LUISTER na Sy stem, gaan dit vir ons makliker wees – dan gaan dit vir ons MOONTLIK raak om die vrugte van die Gees te hê en te WYS in ons lewens
- ***<u>ONTHOU</u>***: 'n boom word aan sy vrugte geken, watter vrugte dra JY????